INFORMELE ASSESSERING

COVID-19

Werkkaart

Naam: ..... **Graad:** ..... **Datum:** .....

A. Jou juffrou gaan die storie saam met jou lees. Luister mooi en lees saam met jou juffrou en beantwoord die vrae.

Mamma word siek

Deur Anzelle Muller

Ek het gehoor van die nare virus. Hulle noem hom Mnr. COVID-19. Almal is bang vir hom. Maar nie ons nie, nee... Ons was ons handjies en dra ons maskers.

Toe raak Mamma siek. Sy was koorsig en het gehoes. Pappa het haar dokter toe gevat. Ons was bekommerd. Maar Pappa het verduidelik dit was net Mev. Griep en darem nie Mnr. COVID-19 nie. Dankie tog die handewas en maskers het gehelp.

1. Wat noem almal die nare virus?

_____

2. Hoekom is Amy se gesin nie bang vir Mnr. COVID-19 nie?

3. Waarheen het Pappa vir Mamma gevat?

4. Hoe weet ons Mamma is siek?

5. Hoekom was Amy se gesin bekommerd?

6. Het jy al gehoor van Mev. Griep?

---

7. Het jy al van Mnr. COVID-19 gehoor? Is jy bang vir hom?

B. Kyk na die prent van Amy.
Gebruik die prent en die volgende sleutelwoorde. Skryf 2 sinne oor hoe jy teen COVID-19 kan veg.

- Masker
- Ontsmet
- Afstand
- Hande was